

Hoofstuk van die dag: Matteus 16

Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.” (vers 23)

Dis nogal skerp woorde van Jesus! Niemand van ons wil ’n struikelblok vir die Here Jesus wees nie. Ek is seker Petrus wou ook nie. Hy het tog pas bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God (vers 16). Met sy passie vir Jesus het daar niks geskort nie.
Die fout wat Petrus gemaak het, is dat hy Jesus wou indruk in sy eie verwagtinge. Hý het besluit hoe Jesus moes wees en optree, en selfs God moes daarby inval (vers 22). So het hy geredeneer, tot Jesus se groot ontsteltenis.
Baie mense het ’n passie vir Christus en sy saak. Dink maar aan die huidige spanning in die NG Kerk, waar mense die kerk verlaat of oorweeg om te verlaat oor hulle passie vir God se saak. Wat Jesus vir Petrus sê, behoort ons tot diep nadenke te stem. Gaan dit regtig in ons passies oor wat God wil hê, of wat onsself wil hê?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026